# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 51** **Nr 01** **18 Januarie 2026**


## Uit Hom, Deur Hom, Tot Hom, Aan Hom

Hierdie woorde van ons jaartema is nie net ‘n mooi beskrywing van die werk van die Almagtige Drie-enige God nie, dit is in besonder ‘n bemoediging in swakheid en herinnering van ons eie broosheid, dit is ‘n aansporing tot diens en vertroosting van ons eie onvermoë, dit is ‘n versterking in nood en ‘n fondament van ons bestaan, dit is ‘n hoop vir ons siel en ‘n versekering van ons geloof.

Alles wat ons is en het is uit God. Ons is uit God gebore. Hy het ons ‘n nuwe skepping gemaak. Hy het ons in die lewe geroep sodat ons uit Hom die lewe ontvang. So is ons ook deur God onderhou. Deur sy genade en trou leef en bestaan ons. Hy is die Beskermer en Bewaker wat nooit sluimer of slap nie, deur wie ons is. Maar net so leef ons met die doel van ons bestaan tot Hom gerig. Alles wys na Hom en tot Hom.

Dit is juis hierdie woorde wat ons so diep tref, dat God alles en in almal is, wat ons soos die apostel van verwondering laat uitroep: so geweldig die pen ondeurgrondelik is die wysheid en kennis van God! Daar is niemand wat God se gedagtes kan ken of verstaan of iemand wat Hom kan raad gee nie. Daar is niks wat ons besit uit onsself wat nie deur God aan ons gegee is nie…

Ons besef dit veral wanneer ons deur moeilike tye gaan of as ons na ‘n swaar beproewing terug kyk en die hand van die Almagtige daarin raaksien.

Mag hierdie jaar, en die res van jou lewe ‘n wekroep wees om gedurig hierdie loflied te sing en neurie, om dit te oordink en herkou.

Dan is daar net een uiteinde: om AAN God al die roem en eer te bring. Om Hom te loof en te prys. Nie net vandag nie, nie net hierdie jaar nie, maar tot in alle ewigheid.

Lourens (vdm)

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: **Vandag**: Opening, Ps 68-1:9 **Volgende week**: Nagmaal geen katkisasie

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 18-Jan | C01 | | Pieter Wolmarans | Bertie van Jaarsveld | Hein Kaiser | Gert Reinecke | Nicolai vd Merwe |
| 25-Jan | C03 | Wim Prinsloo | | Casper Swanepoel | Eric Guldemond | Hannie vd Bergh | Charl vd Bergh |

## KOLLEKTES

Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens )

Volgende week: **Jan Kriel Instituut**

Vandag: **Mukhanyo** (by die deure)

Volgende week: **Kerkkas**

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 18-Jan | Bernice | Collett | B15 | 0726383281 |
| | Eric | Guldemond | A01 | 0836406138 |
| | Catha | vd Westhuizen | C15 | 0761872757 |
| 19-Jan | Louisa | van Zyl | C13 | 0781033596 |
| 20-Jan | WD | le Roux | B04 | 0731813046 |
| | Riana | Spoelstra | C13 | 0722009761 |
| | Amanda | Swanepoel | B09 | 0722698605 |
| 21-Jan | Hendrik | Bornman | C10 | 0724682973 |
| 22-Jan | Janina | de Beer | B03 | 0729424218 |
| | Marike | Melck | C13 | 0719645422 |
| | Mariana | Pelser | C04 | 0826544789 |
| | Koos | van Zyl | B05 | 0825795853 |
| 23-Jan | Almé | Hugo | B15 | 0277389313 |
| | André | Kirsten | C14 | 0845133995 |
| | FC | Louw | C14 | 0660449071 |
| | Lirieka | Rousseau | B12 | 0849523386 |
| | Baby | Viljoen | A06 | 0837787870 |
| | Theo | Zeevaart | B15 | 0676620180 |
| 24-Jan | Leandrie | Niehaus | A12 | 0820604409 |
| | Amy | Nieuwenhuis | B17 | 0796618114 |
| | Pieter | Roos | A15 | 0832083206 |
| | Henk | Sweers | A05 | 0795866071 |
| | Nicolai | vd Merwe | B06 | 0613541795 |
| | Aneli | vd Walt | B05 | 0716230205 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 18-Jan | Divan | Loots | A08 | 0612662161 |
| 20-Jan | Ruan | Loots | A08 | 0612662161 |
| | Deon | Schürmann | A02 | 0745849413 |
| 23-Jan | Wilmari | Hoffmann | A02 | 0832001907 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Dit gaan nie goed met Fanie de Bruin se gesondheid. Hy sterk tans aan in Brits hospitaal (A2 - 082 780 8759).
- Mieke van der Heever sterk aan na 'n val en heupoperasie (C3 - 081 793 8279).
- Elmo Johl sterk aan in Groenkloof hospitaal (B16 - 083 299 1014).
- Saartjie Viljoen sterk aan in Unitas hospitaal (A6 - 083 778 7870).
- Cassie vd Walt het 'n draai in die hospitaal gemaak (B11 - 082 372 2434).
- Ellie Klöckner ondergaan Maandag 'n prosedure (E1 – 082 928 7802).

***Meelewing*** word betuig met:

- Andries Alberts en familie na die afsterwe van sy eggenote, Annemarie.
- Ds Lourens en Sanmari Venter en familie na die afsterwe van ds Lourens se vader, Lou.
- Wally Wallace en familie na die afsterwe van sy eggenote, Bets.

# Geluk

♥ Henk en Madré Kotze met die geboorte van Thea.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Baie geluk!

Baie geluk aan al ons skoliere, matrikulante en studente wat gedurende 2025 so mooi presteer het.

Mag die Here jul seën gedurende 2026.


## Geestelike Opbou

**1 Februarie 2026**

na die aanddiens

Kom ontmoet Cameron Nyamuda, Evangelis wat onlangs gaan werk het in Libanon

Almal welkom!




## Katkisasie Opening

Ons versoek al die ouers en kinders van laer- en hoërskool om te bly sit na die oggenddiens vir ons amptelike katkisasie opening.

Die laerskool klasse gaan na die onderskeie klasse verdaag en die Tieners (gr. 7-11) na die Grot.

## *Beroepe aanvaar*

- Dr FP (Ferdi) Kruger van die TSP na GK Vereeniging.
- Ds SJB (Hannes) Lee van GK Messina na GK Daspoort.
- Proponent B (Brendan) Vorster na GK Klerksdorp.

## Almanak 2026

**Beskikbaar by die kerkkantoor @ R135**

**Bring asb. die bewys van betaling/die korrekte kleingeld**

## BEPLANNING JAN 2026

Katkisasie opening – 18 Jan

Bybelstudie om 06:00 en 09:00 – 21 Jan

Kerkraadsvergadering – 22 Jan

Diakonievergadering – 22 Jan

**Nagmaal 25 Jan**

---



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**

---

## Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en of lidmate wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing van jou kennis, kan die toerusting bywoon.

Die volwasse toerusting begin

**3 Feb om 18:00** in die konsistorie

Bevestig asb met:

ds Lourens 082 529 2330/

Kerkkantoor 012 664 2614

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**18 Jan**

Juventus

**25 Jan**

Cecilia Coetzee A01 Oudl Charl vd Bergh

Tarina Human A02




Diakonie hou Sondag 25 Jan 'n spesiale kollekte tydens die erediens vir Jan Kriel Instituut

## VAKATURE VIR ORRELIS

Gereformeerde Kerk Waterkloofrand nooi persone uit (wat aan die vereistes voldoen) om aansoek te doen vir die pos van orrelis wat vanaf 1 Maart 2026 vakant sal wees.

‘n Aansoekvorm en inligting oor die posinhoud kan verkry word deur Nienke vd Walt te kontak by admin@ gkwaterk.co.za of 012 460 6925.

Aansoeke sluit op 5 Februarie 2026.

## Baie dankie!

Ons as gesin wil ieder en elk van harte bedank vir u liefde en ondersteuning gedurende ’n geweldige moeilike tyd met die afsterwe van my broer en pa.

Ons waardeer elke oproep en boodskap, elke besoek en ete wat met soveel liefde en omgee gedeel is.

In besonder aan die susters en diakonie wat ons hande en harte versterk het, baie dankie.

Liefdegroete, ds Lourens, Sanmari en kinders

---

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Klavierlesse -** Ek bied privaat klavierlesse vir tuisskoolleerders in die gemak van hul eie huis aan. Lesse slegs in die oggende en in die Centurion-area. Kontak Lize Johl 081 013 0185.

**Gesoek netjiese tuinwoonstel** of bachelor woonstel vir dame, vanaf 1 Maart vir 4 tot 5 maande. Kontak Karien Lubbinge by 071 314 5135.

## Gereformeerde Kerkorde Kursus 2026

**Koste -** R1 600 per kursus

Inskrywings nou oop. Besoek ons webwerf vir inskrywing en verdere besonderhede: **www.rgta.org.za**

**Sluitingsdatum**: 20 Januarie 2026

**Dosent:** dr. Gerard Meijer

Navrae: **admin@rgta.org.za**

# Bybelskool 2026 – Gaan maak Dissipels!!

## Inleiding tot Skrifgefundeerde Evangelisering

**Rom 10:14 – 15 Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: *"Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring."***

- **Onthou jy nog die Groot Opdrag?**
- **Wil jy 'n visserman van mense wees?**
- **Het jy 'n hart vir verlore mense?**
- **Moet die kerk meer uitreik na hulle wat Jesus nog nie ken nie?**

**Dan is hierdie Bybelskool vir jou!**

**Dinsdae Aande vanaf**
Dinsdag 27 Januarie tot 10 Maart 2026
19:00 tot 20:30 by GK Centurion
R200 per persoon
Betaalbaar in die Kerk se rekening met jou naam en "**Bybelskool**" as verwysing -
**Studente en kinders half prys**

*Verskeie aanbieders waaronder Prof Henk Stoker, Dr Brian DeVries, Ds Jonker Venter, Ander Evangeliste gaan ons toespreek tydens die Bybelskool*

**Kontak**
**Hein Venter – 083 357 6141 / Christi Venter – 082 940 1555**



# Liturgiese Riglyne

## <u>S O N D A G O G G E N D 09:00</u>

## Uit Hom, Deur Hom, Tot Hom, Aan Hom

**<u>Skriflesing</u>:**
Romeine 11:33-36 (2020)

**<u>Teksvers</u>:**
Romeine 11:36

**<u>Sing</u>:**
Sb 1-2:1,2,3
Ps 4:2,3
Ps 33:5,6,11
Sb10-2
Ps 145:3,10,11,12
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Ons jaartema kom uit die loflied van Romeine 11 dat alle dinge uit God voortkom, dat alles deur Hom gemaak en onderhou word, en dat alle dinge tot Hom bestaan. Hierin sien ons die volkomenheid van die werk van die drie-enige God.

Die Vader is die begin en die oorsprong van alle dinge. Uit Hom het alles wat bestaan voortgekom. Deur die Seun is alle dinge geskep, en word alles onderhou.

So ook rig die werk van die Heilige Gees alle dinge tot God in heiligmaking. Die gevolg: *Aan Hom is al die eer en heerlikheid tot in ewigheid.*

## <u>S O N D A G A A N D 18:00</u>

## Gedagtig aan die laaste dae, bly steeds 'n dader van jou geloof in Christus

**<u>Skriflesing</u>:**
Jakobus 5 (2020)

**<u>Teksvers</u>:**
Jakobus 5:7-11

**<u>Sing</u>:**
Ps 92:1,2
Sb 15-8:1,5
Sb 15-6:1,2,4
Sb 15-3:1,3,4
Sb 13-3

Prediker: Ds Paul vd Berg

Die Heilige Gees het vir Jakobus geïnspireer om geloof en dade hand aan hand met mekaar te laat loop. In Jakobus 5:1-6 word daar in besonder gefokus op die eindtyd, die laaste dae, voordat die wederkoms van Jesus Christus gaan plaasvind.

Gedagtig aan die laaste dae, word gelowiges aangemoedig om regverdig op te tree teenoor mense waarmee hulle te doen sou hê. Jakobus 5:7-11 fokus daarop dat gelowiges in woord en daad gelowig sal volhard ten spyte van lyding of wat ookal.

Gelowiges word opgeroep om in die laaste dae nie vals te sweer nie. Verder word **riglyne aan Christene in die laaste dae gegee wat om te doen** as hulle siek is, as hulle swaar kry, as hulleself sou sondig of as iemand anders sou sondig.